

2 Desember - VISSE

Skrifgedeelte: Lukas 5:1-11 (OAV)

Fokusgedeelte: Lukas 5:1, 5, 6, 8, 11 (OAV)

Heidelbergse Kategismus Sondag 1

Het jy dit ook al so beleef dat 'n eenvoudige diertjie jou daartoe lei dat jy God se grootheid so effens beter verstaan? En daarna jou eie kleinheid? Só het die visvangs saam met die Here Jesus tot vyf wonderwerke gelei. In Lukas 4:14-32 word Jesus uit Násaret verdryf. Die skare wou Hom van die krans afgooi. Jesus ontsnap egter. Maar nou in Lukas 5:1 dring die skare by Hom aan om die woord van God te hoor! Dis 'n wonderwerk van die Heilige Gees. Hy dring in mense se harte in – en jy wíl hoor! Nadat Jesus ophou preek het, beveel hierdie prediker die ervare vissermanne om hulle nette weereens in te gooi. Die nette wou skeur en twee skuite is vol vis gemaak. Die Almagtige God beheer selfs die weë van visse! Selfs hulle swem waarheen Hy hulle stuur!

Simon, een van die ervare vissermanne, huiwer aanvanklik voordat hy die nette op Jesus se bevel ingooi. Wat weet Jesus nou eintlik van visvang af? Maar toe die nette teen Simon se verwagting in wél vol word, besef hy sy eie sondige natuur en sy nietigheid. Die visvangs is 'n openbaring van Jesus se majesteit en heerskappy en genade. “Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man!” Dis 'n gebed van 'n mens wat besef dat hy nie voor die Here kan bestaan vanweë sy sondigheid nie (vgl. HK 1:2). Die Heilige Gees het reeds sy werk in Simon gedoen. Volgens Johannes 16:8 sal die Heilige Gees “die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel”. Simon bely ook daarmee: Ek verdien nie u genadegawes, u verlossing nie, Here!

Die vierde wonder by hierdie visvangs is dat die Here van doodgewone mense gebruik maak om in sy Koninkryk te werk. Vissermanne word konings, priesters en profete in sy diens en hulle doen hulle werk so goed dat ek en jy 10 000 km weg van Gennésaret in 2011 weet van Jesus. Hierdie vissermanne het deur die werking van Gods Gees ook vir óns gevang!

Die vyfde wonder: Wanneer mens 'n vis vang, gaan die vis dood. Maar wanneer God se vissermanne mense vang, word daardie dooie, sondige mense léwend! Nie net lewend vir 'n tyd nie. Maar lewend vir ewig! Voel jy ook hoe Gods Gees jou deur sonde-, verlossings- en dankbaarheidsbesef heen lewend maak om mense te vang?

Sing: Skrifberyming 24:1, 2 (11-1)

Ds AH Stavast (Kroonstad)